

GEMEENTE.

LES 45

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> OPENBARING 8 - 11
----------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Openbaring 8 - 11. Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (18) JOHANNES 16:14
----------	--

Herhaal twee - twee.

(18) Johannes 16:14. "Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal hy aan julle verkondig."

4	ONDERRIG (85 minute) <i>[KERK HERSTELLENDEN BEDIENING]</i> SATAN EN DIE GEESTELIKE STRYD
----------	---

Inleiding. Hierdie studie gaan oor die satan en die geestelike stryd. God werk normaalweg deur Jesus Christus, die Heilige Gees, die Bybel, die Christene en die Kerk. Maar in uitsonderlike omstandighede werk God ook deur omstandighede en deur sy engele. Nie almal is bly en tevrede met God se werk nie. *Die satan en sy demone* weerstaan God en sy werk en probeer om dit te vernietig. *Slegte mense in die wêreld* verwerp Jesus Christus ook en weerstaan God en sy werk.

Ons bestudeer wat die Bybel leer oor die satan, sy val, sy doel, sy strategie en sy beperkings. Ten slotte leer ons oor die geestelike stryd teen die satan. Vergelyk ook Handleiding 8, Supplement 13 en 14 oor "Bose geeste en die geestelike stryd" en "Engele en die geestelike stryd".

Die Bybel leer duidelik dat die satan al gedurende die eerste koms van Jesus Christus (2000 jaar gelede) 'gebind' is (Matteus 12:29) en dat sy demone 'ontwapen' is (Kolossense 2:15). Dit word baie duidelik geleer in die Evangelies: Matteus 12:28-30, Lukas 10:17-20 en Johannes 12:31-32 en ook in die Briewe: Kolossense 1:13, 2:15; Hebreërs 2:14 en 1 Johannes 3:8. Die boek Openbaring beskryf die binding van die satan in apokaliptiese beelde: Openbaring 12: 7-9 en Openbaring 20:1-3.

A. DIE SATAN EN SY VAL

1. Wie is die satan?

Lees Openbaring 12:1-9. **Ontdek en bespreek.** Wie is die satan?

Aantekeninge. Die Bybel leer ons nie alles wat ons graag wil weet nie. In Openbaring 12 word die satan voorgestel as 'n enorme rooi draak. Hy is baie sterk. Hy is die ou verleier in de tuin van Eden (Genesis 3:1-5). Hy word 'die duiwel' genoem en dit beteken: *die lasteraar* wat God en sy volk laster. Hy word ook 'die satan' genoem en dit beteken *die teenstander* van God en sy volk.

Sy doel is tweeledig: In vers 4-5 word hy voorgestel as die draak wat op die punt staan om die kind wat gebore word te verslind. Hy probeer van die begin van die menslike geskiedenis af (Genesis 3:15) om die koms van die Messias, Jesus Christus, te verhinder totdat Hy na God en sy troon weggeruk word by sy hemelvaart (Handelinge 1:9).

In vers 9 word die satan beskryf as 'die een wat die hele wêreld verlei'. Die verwysing is nie na die wêreld van Christene nie, maar na die bose wêreld wat God en sy Messias weerstaan (vergelyk 1 Johannes 5:18-19).

2. Die val van satan.

(1) Hoe die satan geval het.

Lees Esegïel 28:11-19; Jesaja 14:12-14; 1 Timoteus 3:6. **Ontdek en bespreek.** Hoe het die satan geval?

Aantekeninge. Die Bybel vertel nie direk hoe die satan geval het nie. Dit beskryf wel op indirekte wyse die val van die satan deur die val van twee magtige konings.

In Jesaja 14:12-14 word die val van die bese koning van Babilon beskryf in terme van die val van die satan. Babilon was die hoofstad van 'n magtige koninkryk, wat in die gebied van die moderne Irak geleë was. Eeue lank het die konings van Babilon gestreef om oor die hele wêreld te heers. Die val van die koning van Babilon word beskryf in terme van wat die profeet Jesaja gewet het oor die val van die satan.

Net soos die koning van Babilon, is die satan 'Môrester' genoem, omdat hierdie ster so helder in die oggend geskyn het en die aandag van almal getrek het. Maar op arrogante wyse het hy in die hemel begeer om oor alles op die aarde gekroon te word en homself soos die Almagtige God te maak. Omdat hy begeer het om homself tot 'god' te maak en te gryp na dit wat aan God alleen behoort het, het God hom uit die hoogste hemel op die aarde neergesmyt. Die bese koning van Babilon het in die voetspore van die satan gevolg. Hy is verneder en het van sy troon afgeval. So is die bese koning van Babilon 'n tipe of illustrasie van die toekomstige antichris.

In Esegïel 28:11-19 word die val van die bese koning van Tirus beskrywe in terme van die val van die satan. Tirus was eeue lank die bekendste handelsstad van die Fenisiërs, en is geleë in die gebied van die moderne Libanon. Dit was gebou op 'n paar eilande met sterk verdedigingswerke. Dit het 'n groot vloot van handelsskepe gehad. Die finale val van die koning van Tirus word beskryf in terme van die profeet Esegïel gewet het oor die val van die satan. Tirus het geval vanweë sy oneerlike handel en gewelddadige oorloë. Die koning van Tirus het geval omdat hy hoogmoedig was en sy wysheid verkeerd aangewend het.

Net soos die koning van Tirus, is die satan oorspronklik deur God geskep om 'n aartsengel te wees. Hy was vol wysheid en was volmaak in skoonheid. Hy het in God se teenwoordigheid op God se heilige berg gewoon en was ook teenwoordig in Eden, die tuin van God. Hy was volmaak in sy optrede totdat daar ongeregtigheid in hom gevind is. Hy het hoogmoedig geword vanweë sy skoonheid en het sy wysheid verkeerd ingespan vanweë sy briljantheid. In 1 Timoteus 3:6 lees ons dat die satan onder die oordeel van God geval het omdat hy verwaand was. God weerstaan die hoogmoedige (1 Petrus 5:5), het hom van die berg van God verban en hom op die aarde neergegooi.

(2) Wanneer het die satan geval.

Lees Genesis 1:31; 3:1. **Ontdek en bespreek.** Wanneer het die satan geval?

Aantekeninge. Aan die einde van Genesis 1 lees ons: "Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed." Maar in Genesis 3, nog vóór die sondeval van die mens, lees ons dat die satan soos 'n slang aan die eerste vrou en man verskyn het en hulle verlei het om God te wantrou en nie te gehoorsaam nie. Toe was die satan alreeds 'n gevalle skepsel en het hy God en sy skeppingswerk teengestaan. Daarom moet ons die gevolgtrekking maak dat die val van die satan êrens tussen die voltooiing van die skepping en die versoeking van Adam en Eva in die tuin van Eden plaasgevind het. Buiten dit weet ons niks oor die val van die satan nie.

B. DIE DOEL EN STRATEGIE VAN DIE SATAN

1. Die satan het God en Sy volk weerstaan.

(1) Die satan het God weerstaan.

Ontdek en bespreek. Hoe het die satan God weerstaan? **Lees** Genesis 3:1-5.

Aantekeninge. Die satan is die teenstander van God en sy volk. Hy het God aangekla en gesê dat God 'n leuenaar was. Die doel van sy versoeking was dat Adam en Eva nie langer op God sou vertrou en Hom sou gehoorsaam nie.

(2) Die satan het Jesus Christus weerstaan.

Ontdek en bespreek. Op watter drie maniere het die satan geprobeer om Jesus Christus te versoek? **Lees** Lukas 4:1-13.

Aantekeninge. Die satan het Jesus in sy menslike natuur versoek om Hom van God af weg te trek. Die satan bestaan werklik en is baie skelm.

- **Met die eerste versoeking het die satan Jesus versoek om nie op God te vertrou nie.**

Hy het Jesus op die gebied van menslike behoeftes versoek, in die besonder voedsel. Nadat Jesus reeds 40 dae gevas het, was Hy baie honger. Die satan het Jesus versoek om nie op God en God se vermoë om Hom te onderhou te vertrou nie, ook as Hy honger het. Hy versoek Jesus om self 'n plan te maak deur 'n paar klippe in brood te verander en gou sy liggaamlike behoeftes daarmee te bevredig. Hy het Jesus versoek om onafhanklik van God op te tree. Maar Jesus het sy versoeking weerstaan!

- **Met die tweede versoeking het die satan Jesus versoek om God verby te gaan en die satan te vertrou.**

Hy versoek Jesus op die gebied van mag oor die wêreld. Die satan wys Jesus, waarskynlik d.m.v. 'n visioen, al die koninkryke van die wêreld. Die satan maak daarop aanspraak dat hy al hierdie koninkryke besit en daarvoor heers. As Jesus die satan sou aanbid, sou hy Jesus die eienaar en heerser oor alle koninkryke op die aarde maak. Jesus sou skielik deur elkeen erken word as die koning van hierdie wêreld. Maar die satan is 'n aardsleuenaar (Johannes 8:44), omdat hy nooit die wêreld besit het of daarvoor geheers het nie. God is die Eienaar en Heerser van die heelal van die begin van die skepping af tot in ewigheid (Psalm 2:1-12; Psalm 145:13; 146:10; Jesaja 14:24-27). Die satan het Jesus in sy menslike natuur versoek *om die heerserskroon te verower sonder om die kruis se lyding te verduur!* God se plan vir Jesus was juis: om die werke van die satan te vernietig (1 Johannes 3:8), die wêreld te red (Johannes 3:17) en oor alles en almal te heers (Matteus 28:18; Openbaring 1:5). Die satan het Jesus versoek om God se plan en weg vir Hom te systap en op die satan te vertrou. Maar Jesus het sy versoeking weerstaan!

• **Met die derde versoeking het die satan Jesus versoek om 'n valse vertroue op God en sy Woord te hê.**

Hy het Jesus op die gebied van die bonatuurlike versoek. Hy het geprobeer om Jesus sover te kry om iets opspraakwekkend en sensasioneel te doen, soos om van die dak van 'n hoë gebou af te spring en dan op wonderbaarlike wyse opgevang te word. Die satan het 'n Bybelgedeelte (Psalm 91:11-12) aangehaal, maar natuurlik heeltemal uit betekenisverband, ten einde Jesus te probeer oortuig om op 'n verkeerde manier op God te vertrou. Die satan vervang geloofsvertroue met aanmatigende selfvertroue en gehoorsame onderwerping aan God se leiding met skaamtelose arrogansie. Hy wil hê dat Jesus dus vir God op die proef moet stel of God wel werklik God is en of God se Woord wel werklik vertrou kan word. Deur van die dak af te spring en volgens God se Woord deur sy engele opgevang te word sou Jesus bewys dat God inderdaad God was en sy Woord wáár was! Die satan het Jesus versoek om 'n valse (misplaaste) vertroue op God en sy Woord te hê. Maar Jesus het sy versoeking weerstaan!

Matteus eindig hierdie Bybelgedeelte met die mededeling dat die satan Jesus vir 'n bepaalde tyd verlaat het totdat hy Hom op 'n ander geleentheid weer sou versoek.

(3) Die satan weerstaan alle mense.

Ontdek en bespreek. Waarom is die satan so gekant teen die Bybel en die boodskap van die Bybel? **Lees** Lukas 8:11-12. **Aantekeninge.** Jesus beskryf die doel van die satan in Lukas 8:11-12 – “Die saad is die woord van God. Dié wat op die pad val, dui op mense wat die woord hoor, maar dan kom die duiwel en neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en gered word nie.” Die belangrikste doel van die satan is om al die woorde in die Bybel weg te hou van die mense in die wêreld! Die satan wil nie hê dat mense in die Bybelse boodskap oor Jesus Christus glo en sodoende gered word nie! Hy wil nie hê dat mense weergebore word en die beste moontlike mense word nie. Hy wil nie hê dat die volke in die wêreld die God van die Bybel dien en verheerlik nie. Die satan sal sy volledige samewerking aan elke wetenskap, filosofie en godsdienst wat die Bybel teenstaan, gee! Hy sal alles in sy vermoë doen om te voorkom dat mense die Bybel hoor, lees, bestudeer of gehoorsaam! Hy sal valse profete van valse godsdienste inspireer om teen die Bybel en teen Jesus Christus te praat! Hy sal politieke leiers beweeg om die besit van die Bybel te verbied en Bybels van mense af weg te neem.

Waarom haat die satan die Bybel so verskriklik? Omdat die Bybel die enigste boek in die wêreld is wat die uiteindelijke verdoemenis van die satan voorspel en beskryf! Dus, wanneer 'n Christen die Bybel besit, lees, bestudeer en gehoorsaam, t.s.v. alle politieke en godsdienstige weerstand, dan weerstaan hy ook die satan! Maar dan is die God van die Bybel baie tevrede met hom!

2. Die satan val die denke en die hart van mense aan.

Inleiding. “Satan” beteken “die teenstander,” van God en sy volk. “Duiwel” beteken “die lasteraar” van God en sy volk. Die strategie van die satan is om die innerlike wese en die uiterlike omstandighede van die mens aan te val. Volgens Efesiërs 6:16 is ‘die brandpyle’ van die satan simbole van sy aanvalle op die liggaam, denke en gees van die Christen. Hy stel allerhande strikke waarin mense kan beland as hulle nie waaksaam is nie (2 Timoteus 2:26).

Ontdek en bespreek. Watter innerlike terreine word meestal aangeval? Waarom doen hy dit?

(1) Die satan is 'n leuenaar – hy val jou denke (gedagtes) aan.

Lees Johannes 8:44. Die satan is 'n leuenaar en die vader van alle leuens in die wêreld! Hy val die *denke* van die mens aan. Die satan staan agter elke leuen wat die mense in die wêreld vertel of glo! Dink aan die leuens wat in sommige onderrigboeke, in die massa media en deur bepaalde politici, regsgeleerdes, wetenskaplikes en godsdienstige leiers versprei word. Die enigste manier om leuens te oorwin is om die waarheid te leer ken en jouself aan hierdie waarhede te onderwerp (Johannes 8:31-36; 17:17). “Die waarheid sal jou vry maak!”

(2) Die satan is 'n versoeker – hy val jou wil aan.

Lees Genesis 3:1-7. Die satan is ook 'n versoeker. Hy val *die wil* van die mens aan. Die satan ondermyn gehoorsaamheid aan die wil van God en versoek mense om God en sy Woord (die Bybel) nie te gehoorsaam nie. As mense eers eenmaal hulle denke oopstel vir die leuenagtige suggesties van die satan, word hulle kwesbaar in hulle wil en maak hulle verkeerde besluite en keuses. Die enigste manier om die versoekings van die satan te oorwin is om eers jouself aan God en sy Woord te onderwerp (Jakobus 4:7) en dan die leuenagtige suggesties van die satan te weerlê met die waarheid van die Bybel (Matteus 4:1-11).

(3) Die satan is 'n aanklaer – hy val jou gewete aan.

Lees Openbaring 12:10. Die satan is ook 'n aanklaer. Hy val *die gewete* van die mens aan. Sy strategie is om eers die mens tot sonde te verlei en daarna hom by God aan te kla. Omdat Jesus Christus alreeds vir al die sondes van Christene gesterf het, is al die aanklagte van die satan teen Christene ongeldig (Hebreërs 8:12). Maar die satan sal nogtans voortgaan om die Christen in sy gewete aan te kla, omdat hy wil hê dat die Christen onder valse skuldgevoelens en vrees vir straf gebuk sal bly gaan. Die enigste manier om die valse beskuldigings van die satan te oorwin, is om te bly glo en bevestig dat Jesus Christus alreeds vir al jou sondes aan die kruis gesterf het en om Hom te bly gehoorsaam en dien met jou getuienis en lewe (Openbaring 12:11).

(4) Die satan is 'n slawehandelaar – Hy val die emosies van mense aan.

Lees Hebreërs 2:14-15. Satan is ook 'n slawehandelaar. Hy val *die emosies* van mense aan.

Hy bly mense in die wêreld onderwerp aan hulle slawerny aan die angs vir die uiteindelijke liggaamlike dood. Omdat mense angs het vir die dood en dooie mense, gaan hulle hul eers toewy aan alles wat die lewe maar rek. Sommige Christene vereer sogenaamde heiliges in die kerk. Sommige nie-Christene vereer die geeste van gestorwe voorvaders, hou allerlei seremonies by die graf of maak pelgrimstogte na graftombes van hul geestelike leiers. Alleen de volmaakte liefde vir Jesus Christus dryf die angs (vrees) helemaal uit (1 Johannes 4:17-18). “Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.”

(5) Die satan is 'n verleier – hy verlei mense tot seksuele immoraliteit.

Lees Openbaring 2:20,24; 1 Korintiërs 7:5 NBG. Die satan is immoreel. Hy val *die morele waardes* van mense aan. Hy probeer mense te verlei tot seksuele immoraliteit, veral wanneer hulle selfbeheersing mis. Seksuele immoraliteit begin altyd met die oë, die denke en bepaalde soort feeste.

In Openbaring 2:20-24 het Isebel Christene weggetrek van Christus en hulle verlei tot afskuwelike afgodery. Haar immoraliteit (Grieks: porneia) kon geestelik, moreel of seksueel gewees het. Sy het gefungeer as 'n profetes en het mense gemotiveer om haar valse leer te volg. Sy het hulle die sogenaamde “diep geheimenisse van die Satan” geleer. Sy het geredeneer, “Om die satan te oorwin, moet jy eers die satan ervaar”. Sy het die Christene aangespoor om die goddelose feeste van die gildes by te woon, waar afgodery en verskriklike seksuele immoraliteit bedryf is ten einde ‘n Christen’ te kan bly of selfs ‘n beter Christen te kan word’. Hierdie valse leer reflekteer die Gnostiese (hindoeïstiese) dualistiese lewensbeskouing van hierdie kultus waarin “die siel” van die mens (die essensiële deel) gevang is in die liggaam (die onbelangrike deel) en daaruit bevry moet word. Die metode van bevryding was om sig aan elke vorm van kwaad (veral seksuele immoraliteit) oor te gee. Elke godsdiens of kult wat hierdie lewensbeskouing aanhang, lei tot 'n soortgelyke minagting van die etiek in godsdiens.

Die enige manier om seksuele immoraliteit te oorwin is om nie te kyk na seksuele immoraliteit en onmiddelik die seksueel immorele gedachtes te stop en Jesus Christus toe te laat “om elke gedagte gevangen te neem om dit aan Christus (en sy Woord) gehoorsaam te maak” (2 Korintiërs 10:5).

(6) Die satan is 'n vals profeet – hy val jou geloof aan.

Lees 2 Korintiërs 4:2-4; 2 Korintiërs 11:2-4; 1 Timoteüs 4:1-3. Die satan is 'n verleier. Hy val *die geloof* van Christene aan. Hy probeer baie hard om alle mense van die Christelike Geloof weg te hou. Die satan probeer die gedagtes van Christene van die eenvoudige en loutere toewyding aan Christus af te trek deur 'n ander Jesus, 'n ander Heilige Gees en 'n ander evangelie te verkondig¹. Die satan is die auteur van valse leringe en valse godsdiens. Hy sorg daarvoor dat naam-Christene, wêreldse filosofieë en die ander godsdiens nie oor Jesus spreek soos Hy Homself in die Bybel geopenbaar het nie! Die enige manier om dit te oorwin is om “elke valse redenering teen die kennis van God af te breek en elke gedagte gevang te neem om dit aan Christus gehoorsaam te maak” (2 Korintiërs 10:4-5).

Hoewel die satan die opstoker tot baie kwaad in die wêreld is, bly elke mens verantwoordelik vir hoe hy reageer op die kwaad van die satan, op die kwaad in die sondige wêreld en op die kwaad in sy eie hart!

3. Die satan val mense aan deur omstandighede.

Ontdek en bespreek. Watter uiterlike omstandighede gebruik die satan om mense aan te val?

Aantekeninge. Die satan het verskillende metodes om mense aan te val.

(1) Die satan stel strikke.

Lees 1 Timoteus 3:7; 2 Timoteus 2:23-26. Die satan stel strikke sodat mense in sy mag kan val. As 'n jong en onervare Christen in 'n leierskapsposisie aangestel word, kan hy hoogmoedig, verwaand en arrogant word. Hy kan probeer om sy onvolwassenheid agter sy posisie van gesag te verberg. Die satan stel ook strikke op die gebied van die wetenskap (bv. evolusieleer), die filosofie (bv. die marxisme) en die godsdiens (die nie-hristelike godsdiens, die kultusse en die okkultisme) om hulle gevang te hou ... om sy wil te doen.

(2) Die satan vervals wondertekens.

Lees Eksodus 7:11-12; 2 Tessalonisense 2:9-10; Openbaring 13:13. Die satan vervals wonders om ongelowiges te mislei om sy leuens te glo. Hy stel bepaalde valse profete in staat om nagemaakte wonderwerke te doen om mense van Jesus Christus af weg te hou.

(3) Die satan doen hom voor as 'n engel van die lig.

Lees 2 Korintiërs 11:13-15. Die satan doen hom ook as 'n engel van die lig voor en maak asof hy 'n dienaar van die geregtigheid is. Dit is dus niks besonders as sy dienaars hulle voordoen as apostels van Jesus Christus nie. Hulle is egter vals apostels en bedrieglike werkers. Hulle doen sogenaamde ‘goeie werke’ (in navolging van Christene) om te bewys dat 'n mens Christus nie nodig het nie.

¹ “n Ander Jesus” word verkondig in:

Die Gnostiese evangelie van Judas (2^{de} eeu n.C.)

Die islamitiese Koran (8^{ste} eeu n.C.)

Die islamitiese evangelie van Barnabas (14^{de} eeu n.C.)

The Book of Mormon (1830) – vergelyk “Understanding the cults”, Josh Mc Dowell and Don Stewart.

Die Jehowa getuies (vanaf 1870) – vergelyk “Understanding the cults.”

(4) Die satan infiltreer die Christelike Kerk/Gemeente.

Lees Matteus 13:37-41. Die satan infiltreer die Christelike Kerk/Gemeente. Hy plant naam-Christene en kwaaddoeners tussen die Christene om kwaad in die Christelike Kerk/Gemeente te doen. Die oordeelsdag sal duidelik aan die lig bring wie 'n ware Christen en wie slegs 'n naam-Christen is.

(5) Die satan verhinder Christelike arbeiders.

Lees 1 Tessalonisense 2:17-18; 3:5. Die satan verhinder ook die ware boodskappers van Jesus Christus vir 'n bepaalde periode om 'n bepaalde land of dorp binne te gaan om die evangelie te verkondig. Of verbied Christene om geld, middele en arbeiders te stuur om die armes, gestremdes en ongeletterde mense in hul land te help. Maar op die lang duur kan die satan die Christen arbeiders nie uit enige land of plek op die aarde uithou nie (Openbaring 20:3)! Die satan probeer ook om die werk (die bediening) van Christene ongedaan te maak. Hy stook nie-Christene aan om mense wat Christen geword het te vervolg en te dwing om na hulle ou godsdiens terug te keer, meestal deur hulle met die dood te bedreig. Of hy spoor politieke en godsdienstige leiers aan om mense om te koop met groot omkoopgeskenke of verleidelike beloftes om weg te bly van Christene en aan te sluit by hulle godsdiens.

(6) Die satan vervolg Christene.

Lees Lukas 22:31-32; Openbaring 2:10. Die satan vervolg Christene. Hy onderwerp sommige Christene aan ernstige beproewings: gooi die broodwinner in die gevangenis of maak hom dood, verkrag vrouens, ontvoer meisies om seksslawe van hulle te maak, ontvoer seuns om kind-soldate van hulle te maak, vermoor duisende kinders op skole en verjaag hele dorpe na die oerwoude toe.

(7) Die satan hits tot wetteloosheid aan.

Lees Johannes 8:44; 2 Tessalonisense 2:8-9. Die satan is gekant teen vrede en orde in elke gemeenskap in die wêreld deurdat hy die wetteloosheid invoer, bevorder en afdwing. Hy word 'n moordenaar genoem, omdat hy graag mense teen mekaar ophits om mekaar se lewens te versuur of mekaar dood te maak. Hy stimuleer elke vorm van wetteloosheid, onder politieke leiers, regsgeleerdes, regters, die polisie, en ander toepassers van wet en orde. Hy laat ouers en maatskaplike werkers afdwaal van God se Woorde in die Bybel. Hy doen sy uiterste bes om die Tien Gebooie uit die mense se geheue en herinnering weg te vaag. Die satan weerstaan die morele wette van God soos geopenbaar in die Bybel, omdat hierdie wette gekant is teen wetteloses en opstandiges, teen goddeloses en sondaars, teen onheiliges en onreines, teen hulle wat ouers vermoor en andere doodslaen, teen ontugtiges en mense wat homoseksualiteit beoefen, teen ontvoerders, teen leuenaars en mense wat meened pleeg of enigets anders doen wat met die gesonde leer in ooreenstemming met die evangelie in stryd is (1 Timoteus 1:8-11).

(8) Die satan soek geleenthede om Christene aan te val en te verslind.

Lees 1 Petrus 5:8; Efesiërs 6:16. Hierdie Bybelgedeeltes vat die strategieë van die satan saam. Die satan loop rond soos 'n brullende leeu op soek na 'n geleentheid om 'n Christen aan te val en te verslind. Hy is 'n lafaard en val jong Christene aan wat nog nie vasstaan in hulle geloof nie. Hy val Christene aan wat moeite het met selfbeheersing of hom nie goed dophou nie. Hy skiet vurige pyle op alle Christene af. Hierdie vurige pyle verteenwoordig verdrukking, vervolging en allerlei aanvalle van buite op die siel van die Christen, soos allerlei negatiewe gedagtes en gevoelens, twyfel, angste en selfbeskuldigings, of wellus, hebsug, ydelheid (vrugtelosheid), hoogmoed en jaloesie. Paulus spoor Christene aan om die hele wapenrusting van God aan te trek, sodat hulle in hierdie aanvalle van die satan vas kan bly staan. Elke Christen is verantwoordelik hoe hy op die vurige pyle van die satan reageer!

C. DIE BEPERKINGS VAN DIE SATAN

1. Die satan is egter beperk.

Ontdek en bespreek. Wat is die beperkings van die satan?

Aantekeninge. Die satan is 'n skepsel en daarom volledig onder die gesag en mag van die Skepper!

(1) Die satan is beperk in wat hy mag doen.

Lees Job 1:6-22; 2:1-10; Openbaring 20:1-3. Gedurende die hele Ou-Testamentiese periode word die satan deur die soewereine God van die Bybel beperk in wat hy toegelaat is om te doen. Byvoorbeeld, in die boek Job kry die satan toestemming en mag om met Job, sy kinders en sy besittings te doen wat hy wou, maar hy mog Job nie doodmaak het nie! Hierdie gebeure openbaar duidelik aan mense wat die bedoelings en karakter van die satan is. Die satan is 'n mensemoordenaar en vernietiger. Gedurende die Ou-Testamentiese geskiedenis kon die satan nooit méér doen as wat God hom toegelaat het om te doen nie. By die eerste koms van Jesus Christus 2000 jaar gelede is die satan gebind sodat hy nie langer die volke op die aarde kon mislei nie. Hy sal gebind bly tot kort voor die wederkoms van Christus.

(2) Die satan is beperk in sy besittings en invloed.

Lees Genesis 3:15; Psalm 2; Matteus 11:27; 28:18; Efesiërs 1:20-23. Op grond van Lukas 4:5-6 en 1 Johannes 5:19 sê sommige Christene dat die satan die eienaar is van die hele teenwoordige wêreld (die aarde) en dat hy dit beheer tot op die punt dat hy dit kan gee aan wie hy wil. Hoewel die satan daarop aanspraak maak dat hy die regmatige eienaar van die wêreld en die heerser oor alles en almal in die wêreld is, sê Jesus Christus dat die satan 'n leuenaar is (Johannes 8:44)! Hierdie Bybelgedeelte bewys glad nie dat die satan die eintlike eienaar en heerser van die volke is of dat hy die gesag en die mag het om hierdie volke met hulle rykdomme te gee aan wie hy wil nie, sodat Jesus Christus in die huidige periode 'n ondergeskikte plek moet inneem!

DIE BYBEL BEWYS DIE TEENDEEL. Dis nie die satan nie, maar die God van die Bybel wat vir ewig heers en sy Koninkryk is ewig (Psalm 145:13; 146:10)! Nie die satan nie, maar Jesus Christus is die werklike Eienaar en Heerser oor alles en almal in hierdie wêreld (Matteus 28:18; Johannes 13:3; Openbaring 1:5)!

Hoewel “die hele (sondige) ‘wêreld’ in die mag van die duiwel is” (1 Johannes 5:19)², kry die duiwel geen houvas op ’n Christen (’n mens wat uit God gebore is nie) (1 Johannes 5:18). Die “wêreld” is hier nie ’n verwysing na die hele aarde nie, maar alleen ’n verwysing na die wêreld van die kwaad, die invloedssfeer van die satan. Alleen “die wêreld” wat God en Christus weerstaan en Christene vervolgt, is in die mag van die duiwel. Die satan het alleen mag oor nie-Christene en ongehoorsame Christene. Hy kry geen houvas op wedergebore (gehoorsame) Christene nie!

(3) Die satan is beperk in mag.

Lees Matteus 8:16; Handeling 16:16-18; Romeine 16:20; Openbaring 12:7-9; 20:1-3. Hoewel die satan ’n baie sterk invloed uitoefen op die lewens van alle nie-Christene, ongelowiges en slegte mense in die wêreld en oor alle bese geeste, is hy nie almagtig nie! Sy demone word voortdurend deur Jesus Christus en deur Christene uitgedryf. Die Bybel leer dat die satan al deur die engel Migael uit die hemel (die lug) gedryf is en dat hy deur ’n engel op die aarde gebind is, sodat hy nie langer die volke kan mislei nie. Daarom is die direkte teenstander van die satan nie die God wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het nie, maar ’n gewone engel.

God is volledig anders as die satan. Hy is oneindig hoër as die satan! Terwyl God alwetend, almagtig en alomteenwoordig is, is die satan dit níé! Buitendien is die wurggreep van die satan op die volke in die wêreld alreeds deur Jesus Christus gebreek. Nou roof Jesus Christus mense uit sy magsgebied en bring hulle oor in sy Koninkryk (Kolossense 1:13).

Maar, alhoewel die satan in beginsel al ’n oorwonne vyand is, is dit duidelik dat God die satan nog nie van die aarde verwyder het nie! Die satan is nog steeds besig om ’n geweldige slegte invloed uit te oefen. Hy word eers van hierdie aarde verwyder op die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Christus.

2. Die satan is gebind.

(1) Jesus Christus het by sy menswording *begin* om die satan te bind.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Nuwe Testament oor die binding van die satan tydens die menswording van Jesus? **Aantekeninge.** Jesus Christus het begin om die satan op die aarde te bind toe Hy 2000 jaar gelede ’n Mens op die aarde geword het.

Lees Matteus 12:28; Hebreërs 2:14; 1 Johannes 3:8. Die rede waarom Jesus Christus in sy menslike natuur op die aarde verskyn het, was om:

- dié satan te bind (Grieks: deó)³ (Matteus 12:28)
- die satan te vernietig (kragteloos te maak, uit die weg te ruim)(Grieks: katargeó)(Hebreërs 2:14)
- die werke van die satan te vernietig (tot ’n einde te bring) (Grieks: luó) (1 Johannes 3:8).

Gedurende die hele periode wat Jesus Christus Mens op hierdie aarde was, het Hy gesag oor al die mag van die satan en sy demone gehad. Hy het demone uitgedryf deur die Gees van God. Die satan kon net niks méér doen as wat Jesus Christus hom toegelaat het om te doen nie.

Lees Lukas 10:18-20. Jesus het die gesag ook aan sy medewerkers gegee. In Lukas 10:18-20 het Jesus gesê: “Ek het die Satan soos ’n weerligstraal uit die hemel sien val. Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is”. Jesus het hiermee bedoel dat toe sy dissipels demone (bose geeste) uit mense gedryf het, het Jesus hulle meester, die satan, uit sy posisie van mag in die wêreld sien val. Die val van die satan was soos ‘die weerligstraal’, so plotseling so onverwags en netso skrikaanjaend! Die dissipels het hierdie oorwinning waarskynlik nie verwag nie en die satan het sy neerlaag waarskynlik nie sien aankom nie! Wat by die eerste koms van Jesus Christus begin het, word tot by sy wederkoms voortgesit. Eers by die wederkoms van Christus word die satan definitief in die hel gewerp!

(2) Jesus Christus het die binding van die satan

deur sy dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging *voltooi*.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Nuwe Testament oor die binding van die satan by die dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus?

Aantekeninge. Jesus Christus het die binding van die satan deur sy dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging, voltooi.

Lees Openbaring 12:1-9. Johannes beskryf die oorwinning van Jesus Christus oor die satan *in apokaliptiese beelde*.

- Gedurende die Ou-Testamentiese periode het die satan probeer om die Messiaanse geslagslyn te breek en so die geboorte van die beloofde Messias te voorkom (Openbaring 12:1-4).

² Vergelyk die betekenis van die woord “wêreld” in Johannes 1:10, handleiding 5. Hier is die ‘wêreld’ die gebied van die Bose. Dit is die wêreld van verlore mense wat die kwaad doen en vyandig teenoor God, Christus en Christene is (Johannes 7:7; 8:23; 12:31; 14:17,30,31; 15:18; 17:9,14-16,25; 1 John 5:19).

³ Dieselfde Griekse woord ‘deó’ word in Openbaring 20:2 gebruik!

- Toe die Messias, Jesus Christus, uiteindelik gebore is, is Hy na God en sy troon *weggeruk* (Openbaring 12:5). Hierdie ‘weggeruk’ is ’n apokaliptiese beeld van die dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus in die hemel aan die einde van sy eerste koms na die aarde. In hierdie beeld storm die satan en sy demone agter Jesus Christus aan.
- Maar die aartsengel Migaël en sy leër goeie engele het die draak en sy engele (demone) gegryp vanuit die lug op die aarde gesmyt (Openbaring 12:7-9). Hierdie oorlog tussen die engele en die demone het in die ‘hemel’ plaasgevind; nie die hemel waar God woon nie en ook nie die sterrehemel nie, maar die lug of atmosfeer rondom die aarde. Aangesien ons meer as één ‘hemel’ kan sien (2 Korintiërs 12:2), woon die engele in die hemel by God (Matteus 22:30; Openbaring 18:1), maar die demone woon in die laagste hemel, die lug of atmosfeer rondom die aarde (Lukas 10:18; 1 Korintiërs 8:5; Efesiërs 2:2; 6:12).

Tóg moet ons hierdie oorlog in die hemel en die neergooi van die satan en sy engele nie letterlik nie, maar figuurlik verstaan. Die satan het letterlik sy posisie as aanklaer van Christene by God in die hemel verloor (vergelyk Job 1:6-12). Omdat die sondes van Christene versoen is en Christene vrygekoop is van die oorheersing deur die satan (Kolossense 1:13), het die satan alle skyn van reg (wettige gronde) vir sy aanklagte teen Christene verloor. Alhoewel hy voortgaan om Christene aan te kla, kan hy nooit meer wys na die verlossingswerk van Christus asof dit nog nie voltooi was nie!

Lees Openbaring 20:1-3. Hierdie Bybelgedeelte oor ‘die binding van die satan’ beskryf dieselfde as in Openbaring 12:7-9. Presies dieselfde woord vir ‘bind’ (Grieks: *deó*) word in Matteus 12:29 en in Openbaring 20:3 gebruik. Die binding van die satan reduseer nie die satan tot ’n toestand van totale onmag nie, maar net tot ’n staat waarin hy nie langer die volke kan mislei nie. D.w.s. die satan kan nie langer verhinder dat die volke die evangelie en Woord van God hoor en hulle tot Christus bekeer nie! Die satan kan ook nie die volke bymekaarmaak om teen God se volk (die Christene) oorlog te maak nie.

Die boek Openbaring gebruik figuurlike taal (beeldspraak): ‘die binding van die satan’ beteken dat die satan in sy invloedssfeer ingeperk (beperk, besnoei) is. Dit impliseer egter nie dat die satan mense glad nie meer kan skade aandoen nie, want die res van die Nuwe Testament (ná Matteus 12:29) wys dat die slegte invloed van die satan nog baie groot in hierdie wêreld is. Byvoorbeeld, Openbaring 13 en 17 (ná Openbaring 12:7-9) wys dat satan sy slegte invloed uitoefen d.m.v. sy instrumente/werktuie: die Antichris, die valse profeet en die groot hoer Babilon.

Gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode, tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms:

- bly die satan gebind
- word die evangelie aan alle volke op die aarde verkondig (Matteus 24:14)
- heers alle gestorwe Christene saam met Christus in die hemel (Openbaring 20:4-6, vergelyk Filippense 1:23).

Kort voor die wederkoms van Christus sal die satan uit sy gevangenis losgelaat word (Openbaring 20:7). Na die laatste oorlog (Openbaring 16:14,16; 17:14; 19:17-21; 20:7-10) by die wederkoms van Christus, sal die satan in die hel gegooi word, waar hy vir ewig gepynig sal word (Openbaring 20:8-10).

3. Die satan bly gebind.

(1) Jesus Christus bly die binding van die satan toepas deur die werk van sending en evangelisasie deur Christene.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Nuwe Testament oor die voortgaande gebondenheid van die satan?

Lees Matteus 12:29-30. Jesus Christus het gesê: “Hoe kan iemand tog by die huis van ’n sterk man ingaan en sy goed vat as hy nie vooraf die sterk man vasbind nie? Eers dan sal hy sy huis kan beroof.” Jesus beskou die satan as ‘die sterk man’. Hy verwys nie net na die binding van die satan by sy eerste koms nie, maar ook dat die satan voortdurende gebonde gehou word deur sy chrestelike medewerkers tydens die hele Nuwe-Testamentiese periode tussen die eerste koms en die wederkoms van Christus. Deur hulle gebede, verkondiging van die evangelie en onderrig van die Bybel (2 Timoteus 2:24-26) hou Christene die satan (en sy demone) gebonde en beroof hom van mense wat voorheen deur hom vasgevang was. In die stryd tussen Christus en die satan is dit onmoontlik om neutraal te bly. Alle Christene wat mense deur evangelisasie en sendingwerk in die Koninkryk van God byeenbring *is vir Christus*. En alle mense wat ander mense in hulle verlore toestand laat bly as ’n maklike prooi vir die satan *is téén Christus* (Matteus 12:30).

Lees Johannes 12:31-32. Jesus het gesê: “Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe. En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.” Jesus beskou die satan as ‘die owerste van hierdie wêreld’. ‘Die wêreld’ verwys hier nie na die hele aarde met alle individue daarop nie, maar net na die hele samelewing van bese mense, wat vervreemd is van God en wat Jesus Christus teenstaan, verwerp, verraai en verdoem (Johannes 15:18-25; vergelyk 1 Johannes 5:18-19). ‘Die owerste’ impliseer dat die satan ’n bepaalde mag uitoefen, maar omdat hy nie die Koning van die konings is nie, is sy mag beperk (begrens, gesnoei, ingeperk) tot die bese mense en bese geeste wat aan hom getrou is. As Jesus praat oor sy verhoging, dan verwys Hy na sy verhoging aan die kruis, sy verhoging in die opstanding, sy verhoging in sy hemelvaart en sy verhoging in sy troonsbestyging aan die regterhand van God in die hemel. In Openbaring 12:5 word sy ‘verhoging’ voorgestel as ‘weggeruk’.

Lees Openbaring 12:10-17. Jesus beskou die satan as ‘die draak’. Die satan agtervolg die vrou.

- In Openbaring 12:1-5 is die vrou 'n simbool vir *God se Ou-Testamentiese volk* (Israel, wat in Psalm 107:32 ook 'die Kerk' genoem word). Die taak van Israel was om die beloofde Messias voort te bring.
- In Openbaring 12:6,13-18 is die vrou 'n simbool vir *God se Nuwe-Testamentiese volk* (die Kerk/Gemeente, wat in Galasiërs 6:16 ook 'Israel' genoem word) en “die getuënis van Jesus Christus het” (Openbaring 12:17). Na die eerste koms van Jesus Christus word die Kerk/Gemeente beskerm teen die meeste direkte aanvalle van die satan (Openbaring 12:6,13-14). Die satan probeer wel om die Kerk/Gemeente met sy onophoudelike stroom van leuens te oorweldig, maar die Kerk/Gemeente word nie mislei nie en Christus help die Kerk/Gemeente (Openbaring 12:15-16). Daarna konsentreer die satan sy aanvalle op individuele Christene, ‘die nageslag/saad van die vrou’, wat die geboorte van God in ag neem en die getuënis van Jesus Christus het’ (Openbaring 12:17). Maar hierdie individuele Christene oorwin die satan deur ‘die bloed van die lam’. D.w.s., hulle glo dat die dood en opstanding van Jesus Christus nie alleen hulle vrygemaak het van die sonde en die mag van die satan nie, maar ook die satan gebonde hou. Christene oorwin die satan deur “die woord van hulle getuënis”. D.w.s. hulle oorwin die satan en sy demone deur hulle evangelisasie en sendingwerk, wat die satan beroof van mense wat hy voorheen in sy mag vasgehou het (Kolossense 1:13). Christene oorwin die satan, omdat hulle nie bang is om hulle lewe vir Christus af te lê nie (Openbaring 12:11).

Die dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus is historiese gebeurtenisse. Hierdie gebeurtenisse het uitgeloop op die voltrekking van ‘die oordeel oor hierdie wêreld’ en ‘buitentoe gooi van die owerste van die wêreld’. Die relatiewe hoë magstatus van die satan vóór die eerste koms van Christus is vir ewig verby. Die satan het sy wurggreep op die volke van die wêreld verloor (vergelyk Daniël 10:13,20) deur die dood van Jesus Christus en deur die getuënis van die Christene. Jesus trek alle mense na Hom toe (Johannes 12:32) en hierdie ‘trek’ van alle mense na Jesus toe is die manier waarop die satan sy grip op die volke verloor!

(2) Jesus Christus sal die satan uiteindelik van die aarde af verwyder.

Ontdek en bespreek. Wat leer die Nuwe Testament oor die uiteindelik verwydering van die satan van die toneel van die wêreld af?

Lees Openbaring 20:7-15. Hoewel die satan in beginsel alreeds ‘n oorwonne vyand is, is dit duidelik dat God hom nog nie van die aarde verwyder het nie! Openbaring 20:7-15 sê dat dit eers sal gebeur op die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus. Dan sal Jesus Christus die satan vir ewig in die hel (die poel van vuur en swael) gooi.

D. DIE GEESTELIKE STRYD TEEN DIE SATAN

Lees Efesiërs 6:10-18.

1. Christene is betrokke in 'n geestelike oorlog.

Onderrig. Wat is die geestelike stryd?

(1) Die geestelike stryd word nie teen mense gestry nie.

Die Bybel leer dat die geestelike stryd “nie teen vlees en bloed”, d.w.s. teen mense soos hulle wat op hierdie aarde gebore is, nie, maar teen die bose geeste (Efesiërs 6:12). Christene veg nie in ‘heilige oorloë’ teen ander mense nie, maar in ‘geestelike oorloë’ teen bose geeste. Die owerhede, magte, wêreldheersers van die duisternis en die geestelike magte is verskillende soorte bose geeste wat onder die beheer van die satan staan en déúr die bose mense in die wêreld werk.

Net soos die satan self, is hierdie bose geeste gevalle engele. Daarom weerstaan die satan en hierdie bose geeste die lewende God en probeer om sy verlossingswerk in mense ongedaan te maak. Daarom werk politieke maghebbers dikwels saam met godsdienstige maghebbers en bly politiek en godsdiens op baie plekke baie vyandig teen die christelike geloof. Jesus het gesê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie”. “As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie” (Johannes 18:36). Daarom veg ware Christene nooit ‘heilige oorloë’ teen enige ander volk nie.

(2) Die geestelike stryd word nie met menslike wapens gestry nie.

In die geestelike stryd word aktief teen die planne en aktiwiteite van die satan en sy bose geeste gestry (2 Korintiërs 2:11). Die geestelike stryd kan nooit met menslike wapens geveg word nie, maar nêr met geestelike wapens. Die Bybel leer: “Natuurlik leef ons in ’n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasie en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak” (2 Korintiërs 10:3-5)!” Christene stry die geestelike stryd deur die geestelike wapenrusting aan te trek (Efesiërs 6:10-18).

(3) Die geestelike stryd word nie in afhanklikheid van mense gestry nie.

Die geestelike stryd kan nooit as ’n godsdiensoorlog tussen nie-christelike godsdienste geveg word deur te steun op mag, geld, planne en bose politieke en godsdienstige leiers nie. Die geestelike stryd kan net geveg word deur volkome te steun op die God van die Bybel wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het.

- Die doel van die geestelike stryd is nooit om meer oppervlakte in ’n land te wen of om meer van ’n land te beheer nie, maar altyd om staande te bly teen die aanvalle van die satan en sy bose geeste (Efesiërs 6:13).

- Die doel van die geestelike stryd is ook om mense uit die mag van die satan (sy bese geeste en bese mense) weg te ruk (Kolossense 1:13; 2 Timoteus 2:26).

2. Christene moet hulle goed voorberei vir die geestelike stryd.

Ontdek en bespreek. Wat stel elke onderdeel van die geestelike wapenrusting voor?

Aantekeninge.

(1) Die gordel van die waarheid.

Die gordel van die waarheid is die opregte vasberadenheid van die soldaat om die geestelike stryd aan te pak. Dit verteenwoordig sy opregtheid m.b.t. die geestelike stryd en God se waarheid waarmee hy die leuens verslaan. Die Christen sê: “Ek is vasberade (vasbeslote) om die geestelike stryd teen die satan en sy demone aan te pak en met die waarheid teen hulle leuens en bedrog te stry.” Net soos Gideon en sy driehonderd soldate, het ’n opregte en vasberade Christen baie meer invloed op mense as ’n skynheilige.

(2) Die borsharnas van die geregtigheid.

Die borsharnas van die geregtigheid is die vermoë van die soldaat om die geestelike stryd te stry. Dit verteenwoordig sy effektiwiteit in die geestelike stryd. Die Christen sê: “Ek is vasberade om ’n regverdige lewe te leef wat my in staat sal stel om effektief in die geestelike stryd te stry.” ‘Regverdig wees’ beteken dat jy in die regte verhouding met God staan en ook op die regte manier leef, d.w.s. volgens die regte weg wat God in die Bybel geopenbaar het. Net ’n regverdige mens kan ’n blywend goeie invloed hê. Soos Noag, leef ’n regverdige mens saam met God te midde van ’n slegte korrupte geslag.

(3) Die skoene van bereidheid.

Die skoene van bereidheid is die vermoë van die soldaat om meteens op te tree in die geestelike stryd. Dit verteenwoordig sy bereidheid en gereedheid om die geestelike stryd aan te pak. Die Christen sê: “Ek is heeltemal voorbereid en gereed om die geestelike stryd aan te pak.” Hy is vasbeslote om nie aan die slaap betrap te word nie. Net soos die getroue en verstandige bestuurder, wat die eienaar oor sy huisbediendes aangestel het om aan hulle op die juiste tyd voedsel te gee, so moet Christus by sy wederkoms die soldaat werkend aantref (Lukas 12:42-43).

(4) Die skild van die geloof.

Die skild van die geloof is die vermoë van die soldaat om homself in die geestelike stryd te verdedig. Dit verteenwoordig sy geloof in die beloftes van God wanneer hy in die geestelike stryd gewikkel is. Die Christen sê: “Ek is vasbeslote om myself te verdedig teen die aanvalle van die satan, deur geloof te hê in wat daar in die Bybel staan.” Die vurige pyle van die satan verteenwoordig verdrukking, vervolging en moeilikhede wat daarop gemik is om twyfel, agterdog, vrees, angs, hebsug, ydelheid, haat en jaloesie in die gedagtes en gevoelens van die Christene te saai. Die Christen glo dat God se Woord waar is en hy handel op grond van hierdie oortuiging.

(5) Die helm van die verlossing.

Die helm van die redding (verlossing) is die vermoë van die soldaat om sy gedagtes en gevoelens in die geestelike stryd te beskerm. Dit verteenwoordig sy sekerheid van verlossing tydens die geestelike stryd en sy sekerheid oor die uiteindelijke triomf. Die Christen sê: “Ek is vasbeslote om my denke en hart teen die aanvalle van die satan te beskerm met God se beloftes in die Bybel.” Die besef dat God Sêlf vir die Christen stry (Eksodus 14:14), dat God Self by die Christen sal wees as hy deur water en vuur moet gaan (Jesaja 43:2) en dat God Self hom sal red uit die vervolging en lyding (2 Timoteus 3:11), versterk die soldaat om te volhard in die stryd. Die sekerheid dat God wat ’n goeie werk in die Christen begin het, dit sal voortsit totdat dit heeltemal voltooi is (Filippense 1:6), maak die soldaat sterk om te volhard in die stryd.

(6) Die swaard van die Gees.

Die swaard van die Gees is die middel waarmee die soldaat in die geestelike stryd die verleidings en die strikke van die satan oorwin. Die swaard van die Gees is die woorde in die Bybel soos dit in verskillende omstandighede in die geestelike stryd gebruik word. Die Christen sê: “Ek is vasbeslote om God se woorde in die Bybel te gebruik in al my veldslae in die geestelike stryd.” So lank as wat Christene God se Woord korrek uitlê en toepas, sal die Heilige Gees hierdie woorde gebruik om die sondes van mense aan die lig te bring (Efesiërs 5:11), hulle van hulle skuld te oortuig (Johannes 16:8), hulle argumente teen God se waarheid te weerlê (Titus 1:9), hulle oortuig van God se waarheid (Handelinge 17:2-4), hulle twyfel te verdryf (Johannes 20:27-31), hul angste wegneem (Matteus 14:27-30), die satan te laat pad gee (Matteus 4:1-11) en die pad waarop die Christene moet loop, verlig (Psalm 119:105).

(7) Gebed is ’n onderdeel van die geestelike stryd.

Gebed is die vermoë van die soldaat om in direkte kontak met God te bly tydens die geestelike stryd. Dit verteenwoordig sy afhanklikheid van God tydens die geestelike stryd. Die Christen sê: “Ek is vasberade om deur gebed afhanklik van God te bly in die geestelike stryd.” *Deur gebed verander God die probleme van mense in geleenthede vir God!*

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Die satan en die geestelike stryd” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Openbaring 12 - 14. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers. (19) Johannes 17:15. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 21. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.